*N. K. van den Akker,* theol. drs.: Beknopte Geschiedenis van het Christendom. Vierde druk naar het gelijkvormige werk van Dr. E. L. Smit. Uitg. A. Voorhoeve, Bussum 1953.

Hierdie uitgawe is 'n omgewerkte vorm van die boek van dr Smit. In groot lyne het die vorm en inhoud ongewysig gebly, maar in die onderdele is tog 'n aantal veranderinge aangebring; soos die gedeeltes wat oor die verskillende kerke in Nederland handel. Dit is vir ons in Suid Afrika dan ook van belang om in hierdie boek 'n goeie oorsig te lees van dit kerklike situasie in Nederland vanaf die begin van die vorige eeu tot nou toe. Ook is aan die Kerk in Suid Afrika 'n paragraaf gewy. Die boek is smaakvol geillustreer en ons beveel dit aan ons predikante en onderwysers hartelik aan as 'n leidraad by hulle onderrig in die kerkgeskiedenis.

S. P. E.